

MOET GRONDBEWARING OP JOU BALANSSTAAT WEES?

DEUR

DR. PHILIP THEUNISSEN

"If the air's bad you'll cough. If the water's bad you'll be sick. If the soil's bad you won't notice"
Arwyn Jones, of the European Community's Joint Research Centre

Op geen tydstip in die geskiedenis het boerderypraktyke so groot impak op die omgewing gehad as in die laaste 100 jaar nie:

- Landbou beset wêreldwyd 13 keer meer grond as tydens enige ander era in die mensdom se bestaan.
- Landbou is stellig die grootste bydraer tot biodiversiteitsverlies.
- Wêreldwyd word 70% van alle varswater vir landbou gebruik, met geen surplus vir toekomstige ontwikkeling nie.
- Landbou stel tot 25% van globale CO₂ vry.
- Die VSA, as voorbeeld, gebruik 17% van al sy energie om voedsel deur die waardekettings te kry. Dit is 1 000 tot 1 500% meer energie as wat die voedsel self bevat.
- Landbou gebruik jaarliks 2,5 miljoen ton plaag- en swamdoders, maar verloor nogtans 40% van oesgewasse weens plae, siektes en onkruid.



Landbou, wat derde van die aarde se oppervlak bedek, het gelei tot versteurde ekosisteme, gronddegradasie, verlies van biodiversiteit, uitloping van kunsmis, nitrifikasie van grondwater, versmoring van grondwater-ekosisteme, dooie sones aan die kus, vrektes van klein organismes en die opbou van biologiese weerstand teen landbouchemikalieë. Moderne industriële landbou en oorbeweiding word blameer vir die verwoesting van derde van die planeet se bogrond gedurende die afgelope 40 jaar. Elke jaar word 10 miljoen hektaar gevoeg by die tol wat gronderosie eis, wat 100 keer vinniger is as wat natuurlik voorkom. Sonder enige verdere verlies van bogrond, word die geprojekteerde situasie vir Suid-Afrika in Tabel 1 getoon.

TABEL 1: SUID-AFRIKAANSE LANDBOU EN BEVOLKING

	Eenheid	2015		2035	
		Getal	%	Getal	%
Bevolking	Miljoen	53,0	100%	70,1	100%
Verstedeliking	Miljoen	32,8	62%	52,6	75%
Boedery-eenhede	-	34 861	0%	20 182	0%
Bevolking/Boedery-eenheid (huidige bevolking)	-	1 520	-	2 010	-
Bevolking/Boedery-eenheid (geprojekteer)	-	-	-	3 472	-
Totale bewerkbare Hektaar	Miljoen	100,7	-	95,7	-
- Kommersiële	Miljoen	82,2	-	77,2	-
- Opkomend Kommersiële hektaar/bevolking	Miljoen	14,5	-	14,5	-
	-	1,6	-	1,1	-

Bron: Statistieke Suid-Afrika

Terwyl die bevolking groei en verstedeliking toeneem, gebeur die teenoorgestelde met landbougrond. Volgens Tabel 1 sal die geprojekteerde bewerkbare grond in die volgende 20 jaar afneem omdat landbougrond eerstens gebruik moet word vir stede wat voortdurend uitbrei en tweedens sal toenemende aantal plase opgeoffer moet word vir mynbou om energie en hulpbronne aan die groeiende bevolking te verskaf. Tans moet elke boedery-eenheid 1 520 lede van die bevolking onderhou, maar dit kan toeneem tot geprojekteerde 3 472 in 2035. Waar daar tans 1,6 ha bewerkbare grond beskikbaar is om een lid van die bevolking te voed, sal daar 20 jaar van nou net 1,1 ha beskikbaar wees.

Wat ons nog besit, is gevolglik uiters waardevol en moet ten alle koste bewaar word. Tog bestaan daar vroe vanuit 'n oogpunt van bewaringsboedery (BB):

- In die lig daarvan dat BB minder risiko inhou, hoekom bevorder finansiële instelling dit nie?
- Hoekom sien ons nie meer BB-produkte op winkelrakke nie?
- Wat as jy BB toepas, maar jou buurman doen dit nie?
- Wat as jy om een of ander rede jou BB-plaas, opgebou oor 20 jaar, moet verkoop en die nuwe eienaar begin bloot weer die lande omploeg?
- Kan ons die waarde van BB bepaal sodat dit as finansiële bate erken kan word?
- Kan ons wetlik die status van bewaarde grond beskerm?
- Derhalwe, behoort die uiteindelijke resultaat van BB op 'n boer se balansstaat?

Waardekettingdeelnemers

In Tabel 2 toon resultate van navorsing deur Von Loeper, Drimie en Blignaut dat geen van die waardekettingdeelnemers, met wie onderhoude gevoer is, produkte gehad het wat BB ondersteun nie.

TABEL 2: OPSOMMING VAN WAARDEKETINGDEELNEMERS SE ANTWOORDE OOR BEWARINGSBOERDERY

	Het julle 'n BB-produk?		Beplan julle vir 'n BB-produk in die toekoms?		Dring verbruikers aan op BB?		Wat is jul geneig om te ondersteun?	
	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	BB	Organies
Banke	0%	100%	25%	75%	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.
Versekerars	0%	100%	0%	100%	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.
Groothandelaars	0%	100%	0%	100%	0%	100%	0%	100%
Kleinhandelaars	0%	100%	0%	100%	0%	100%	0%	100%
TOTAAL	0%	100%	6,3%	93,8%	0%	100%	0%	100%

Bron: Von Loeper, Drimie & Blignaut

Al vier die deelnemende banke was van mening dat goeie boerderypraktyke deur boer outomaties op produksievoordele en beter balansstaat sal uitloop. Dit sal weer tot laer risikoprofiel vir so boerdery lei en op sy beurt goedkoper krediet met beter rentekoerse meebring. Op die argument dat hierdie proses moontlik tyd kan neem, was die algemene reaksie dat dit die natuurlike aard van boerdery is. Een bank het hul standpunt bevestig dat verandering in produksiemetode, veral na BB, waarskynlik tot aanvanklike styging in koste en vermindering in opbrengs sal lei voordat enige opbrengsverhogings waargeneem sal kan word en die voordele op die bankstaat gaan reflekteer. Geen van die banke het gevolglik produk gehad wat boer met 'n laer rentekoers tegemoet sou kom nie, sou die boer na BB oorskakel.

Versekerars se bereidwilligheid om klimaatrisiko teen 'n premie namens boere te neem maak hulle noodwendig meer gevoelig vir boerderypraktyke, veral waar nuwe masjinerie en boerderypraktyke die risiko kan verminder. Toe hulle gekonfronteer is met vrae oor of hulle bewus is van navorsing wat bewys dat BB tot groter bestendigheid lei, het die versekerars soos die banke geredeneer dat hul sakemodel outomaties boere sal bevoordeel wat beter boerderypraktyke toepas.

Die deelnemende twee groothandelaars en voedselverwerkers, wat ook siloes én meulens besit, was oor die algemeen verward oor die term BB aangesien hulle nie seker was hoe dit verband hou met organiese en GMO-vrye boerderypraktyke nie. In teenstelling met banke, wat toegewyde landbou-eenhede met kundige personeel het, koop die handelaars gewoonlik produkte van ander handelaars en landbou-ondernemings aan sonder dat dit nodig is om boerderypraktyke te verstaan.

Al drie deelnemende kleinhandelaars het saamgestem dat daar baie min begrip by verbruikers oor BB is en dat dit onwaarskynlik is dat dit in die toekoms sal verander.

Biologiese waarde

Die internasionale rekeningkundige standaard (IAS 41) stel rekeningkundige standaard vir landbou aktiwiteite vas en kom tot die slotsom dat sulke aktiwiteite die bestuur van die biologiese transformasie en oes van biologiese bates vir verkoop of vir omskakeling in landbouprodukte of in bykomende biologiese bates is. Die internasionale waardasiestandaarderaad (IVSC) brei hierop uit en sê biologiese transformasie omvat die prosesse van groei, degenerasie, produksie en voortplanting wat kwalitatiewe of kwantitatiewe verandering in biologiese bates meebring.

Die IVSC is onafhanklike, nuwingsgewende organisasie wat universeel aanvaarbare standaard vir die waardasie van bates oor die wêreld heen in openbare belang opstel en toepas. Dit definieer landbougrond as al die regte, belange en voordele wat verband hou met landbou of bates wat met landboukundige aktiwiteit geassosieer word. Volgens hulle verskil die fisiese en ekonomiese kenmerke van landbougrond

van dié van gewone eiendom. In stedelike omgewings kan die ekonomiese gebruik van eiendom jare lank onveranderd bly en kan selfs deur kontraktuele ooreenkomste gewaarborg word. In die geval van landbou is grond 'n medium wat onder wisselende omstandighede die vermoë moet hê om volhoubaar te kan produseer.

In die waardasie van landbougrond is die fisiese eienskappe van die eiendom dus van spesifieke belang. Markwaarde vir landbougrond is gevolglik die beraamde bedrag waarvoor dit op die waardasiedatum tussen gewillige koper en gewillige verkoper geruil behoort te word in transaksies sonder bevoorregting. Dit veronderstel die partye tree kundig, omsigtig en sonder dwang op, wat uit deelnemersperspektief die hoogste waarde vir die bate sal oplewer.

Kundig, omsigtig en sonder dwang

Om te toets of boere die waarde van grond se organiese materiaal verstaan en hoeveel hulle bereid is om daarvoor te betaal, het Paul Overby, boer en navorser van Wolford, Noord-Dakota, 'n opname onder boere in die VSA gedoen. Twee situasies is geskets om hul bereidwilligheid om te betaal vas te stel. Die eerste vraag was: *“As jy twee stukke grond evalueer met die oog om te koop, en hulle is presies dieselfde behalwe dat een 'n gemiddelde organiese materiaal van 3% en die ander 'n gemiddelde organiese materiaal van 5% het, hoeveel sal jy meer betaal vir die een met 5% organiese materiaal?”* Die resultate word in Tabel 3 getoon.

TABEL 3: HOEVEEL SAL JY MEER BETAAL VIR GROND MET 5% ORGANIESE MATERIAAL AS GROND MET 3% ORGANIESE MATERIAAL?

ANTWOORDE	RESPONSE	
Niks, dit sal op ander faktore gegrond wees	48	33,3%
Ek weet nie	28	19,4%
SUBTOTAAL	76	52,8%
\$100 per akker	26	18,1%
\$200 per akker	19	13,2%
\$300 per akker	14	9,7%
\$400 per akker	9	6,3%
TOTAAL	144	100%

Bron: P. Overby

Tabel 3 toon aan dat vir 52,8% van die deelnemers die organiese materiaal, as aanduiding van bewaarde grond, geen verband met die prys van die grond het nie. Vir 6,3% van die deelnemers was die bewaarde grond \$400/akker meer werd.

In opvolging van die eerste vraag, het Overby 'n verduideliking verskaf van die voedingstowwe wat vir 'n gewas beskikbaar gestel word vir elke persent organiese materiaal, asook die bykomende waterinhoud wat deur elke persent organiese materiaal opgegaan word. Hy het met opset nie die dollarwaarde van óf die voedingstowwe wat beskikbaar gestel word óf die bykomende waterkapasiteit gegee nie en toe gevra: *“Gebaseer op bogenoemde inligting, hoeveel meer sal jy betaal om 'n stuk grond te koop met 5% organiese materiaal as 'n stuk grond met 3% organiese materiaal?”*

TABEL 4: HOEVEEL MEER SAL JY VIR GROND MET 5% ORGANIESE MATERIAAL BETAAL AS VIR GROND MET 3% ORGANIESE MATERIAAL NADAT JY INGELIG IS DAT 1% ORGANIESE MATERIAAL DIE BESKIKBARE STIKSTOF MET 20-30 lb./ac./jr. VERHOOG?

ANTWOORDE	VERANDERING		RESPONSE	
Niks, dit sal op ander faktore gegrond wees	-20	-14%	28	19,4%
Ek weet nie	-12	-8%	16	11,1%
SUBTOTAAL	-32	-22%	44	30,6%
\$100 per akker	18	13%	44	30,6%
\$200 per akker	3	2%	22	15,3%
\$300 per akker	4	3%	18	12,5%
\$400 per akker	7	5%	16	11,1%
TOTAAL			144	100%

Bron: P. Overby

Soos getoon in Tabel 4, was daar betekenisvolle verandering in die response nadat die voordele van organiese materiaal verduidelik is. Die deelnemers wat met die eerste vraag nie omgee het oor organiese materiaal nie het van 52,8% tot 30,6% afgeneem, terwyl diegene wat bereid was om \$400/akker te betaal van 6,3% tot 11,1% verhoog het.

Laastens is deelnemers gevra om hul verwagting van betaling te evalueer as hulle self vir die verhoging van die organiese materiaal van hul grond verantwoordelik sou wees. Dit was poging om die waarde te bepaal wat hulle aan organiese materiaal gee, selfs as hulle nie bereid was om iemand anders daarvoor te betaal nie. Die resultate, getoon in Tabel 5, korreleer betekenisvol met dié in Tabel 4.

TABEL 5: AS JY BB BEGIN TOEPAS HET OM DIE ORGANIESE MATERIAAL VAN 3% TOT 5% TE VERHOOG, HOEVEEL BO DIE MARKWAARDE SAL JY VIR JOU GROND BETAAL WIL WORD?

ANTWOORDE	VERANDERING		RESPONSE	
Ek wil nie meer betaal word nie	-26	-18%	22	15,3%
Ek weet nie	-1	-1%	27	18,8%
SUBTOTAAL	-27	-19%	49	34,0%
\$100 per akker	2	1%	28	19,4%
\$200 per akker	15	10%	34	23,6%
\$300 per akker	-1	-1%	13	9,0%
\$400 per akker	11	8%	20	13,9%
TOTAAL			144	100%

Bron: P. Overby

Overby het tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- Boere het basiese kennis dat grond met hoër organiese materiaal voorkeur behoort te geniet.
- Boere verstaan en begryp nie die ekonomiese waarde van organiese materiaal volledig nie.
- Opvoeding kan dalk belangrik wees om boere te help om kennis op te doen oor organiese materiaal en om die ekonomiese voordeel daarvan te verstaan.
- Waarde kan geheg word aan organiese materiaal/BB.

Wanneer boere dus ingelig is sal hulle ekonomiese waarde verstaan en daarvolgens optree. Waar daar bekende ekonomiese waarde vir boere is, sal hulle praktyke in werking stel wat organiese materiaal op hul plase sal laat toeneem, wat tot die bewaring van hul grond sal lei.

Beskerming

Vroeër jare kon die mensdom wegkom met die uitputting van landbougrond deur bloot na nuwe ongebraakte grond te skuif. Mettertyd het dit duidelik geword dat grond beperk is, maar dit het ook duidelik geword dat grondbewaring nooit bewerkstellig sou kon word deur op die vrywillige pogings van boere staat te maak nie. In 1946 is die Grondbewaringswet (Nr. 45) dus in werking gestel. Hierdie wet is later as onvoldoende beskou aangesien dit hoofsaaklik gemik was op herwinning of herstel eerder as bewaring. Dit het egter voorgeskryf dat met elke oordrag van landbougrond, die nuwe eienaar in besit van goedgekeurde bewaringsplan vir daardie spesifieke eiendom moet wees.

Die tekortkominge van die Grondbewaringswet van 1946 het uiteindelik gelei tot die opstel van nuwe Grondbewaringswet (Nr. 76), wat in 1969 aanvaar is. Die hoofkenmerk van hierdie wet was om vrywillige samewerking tussen die regering en boeregemeenskap met die oog op grondbewaring te bewerkstellig. Dié wet het boere in staat gestel om aksies te inisieer sonder om vir die regering te wag en om aktiewe rol in die uitvoer van gepaste grondbewaringsmaatreëls te speel. Dit het grondbewaring gestimuleer deur finansiële aansporing (subsidies/toelae) vir sekere aksies aan te bied, maar het ook op kriminele sanksie vertrou om die nakoming van voorskrifte te verseker. Die verpligte bewaringsplan wanneer plaaseiendom oorgedra word, is egter uitgelaat omdat dit lang verdragings by die aktekantoor veroorsaak het.

In 1983 het die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (Nr. 43) die wet van 1969 vervang. Die doelwit daarvan was om die benutting van die natuurlike landbouhulpbronne van die republiek te beheer ten einde die bewaring van die grond, waterbronne en plantgegroeie te bevorder en om onkruid en indringerplante te beveg. Om dié doelwitte te bereik, kan die minister beheermaatreëls voorskryf waaraan grondgebruikers moet voldoen. Sulke beheermaatreëls hou onder andere verband met die bewerking van ongebraakte grond. Ongebraakte grond sluit in grond wat gedurende die vorige tien jaar op geen tydstip bewerk is nie met inbegrip van gevestigde meerjarige voergewasse soos *Eragrostis*. Dit is sterk argument vir geenbewerkingspraktyke sodat grond wat op geen tyd gedurende die vorige tien jaar bewerk is nie die status van ongebraakte grond kan geniet.

Erkenning

Grondbewaring word deur die wet erken en beskerm. Bewaarde grond kan geklassifiseer word as biologiese bate binne die raamwerk van internasionale rekeningkundige standaarde. Dit kan gewaardeer word volgens die finansiële voordele wat dit skep ten opsigte van organiese materiaal. Dit het markwaarde as die gewillige koper en gewillige verkoper kundig, omsigtig en sonder dwang optree en kan maklik gespesifiseer word binne die raamwerk van die rekeningkundige beroep. Landbou se ökrediet fasiliteite by die natuur is beperk en haas uitgeput. Gevolglik moet ons ons natuurlike oortrokke rekening dienoreenkomstig beperk en enige BB-boer se bewaringsresultate as bate op sy balansstaat erken.

Bronne:

Uitgawe 1: *A roadmap to valuing agricultural properties (including biological assets)*. IVSC Perspectives Paper. Tangible Assets / Business Valuation. Junie 2019.

Paul Overby. *Can an Increased Understanding of the Value of Soil Organic Matter by Farmers Encourage the Sustainability Contribution of US Farmland? A Critical Analysis*. Wolford, ND, University of Wisconsin Sustainable Management Master's Degree Program.

MA Rabie. *South African soil conservation legislation*. Comparative and International Law Journal of Southern Africa, Volume 07, Uitgawe 3, Nov. 1974.

Wolfgang Johann von Loeper, Scott Drimie en James Blignaut. *Value Chain-Induced Constraints Limiting Scale of Conservation Agriculture in South Africa*, 2019.

BETHLEHEM
Augustus 2019